**Jesus en die Vrou by die Put**
Johannes 4:1-42

In Jesus se gesprek met die Samaritaanse vrou by die put in Johannes 4 hoor ons die Here sê dat Hy die Lewende Water is. Maar ons sien ook in dit wat Hy doen dat Hy werklik gekom het om verlossing en genade aan ALMAL te bring.

Alles het teen hierdie vrou getel. In daardie tyd was vrouens ongelukkig nie hoog geag nie. En boonop was sy ook nog bekend daarvoor dat sy nie 'n baie voorbeeldige lewe gelei het nie – sy was bekend vir haar sonde. Verder was sy ook 'n Sarmaritaan wat beteken het dat sy volgens die Joodse godsdienstige standaarde nog laer was (die Jode het die Samaritane verag).

Vir Jesus wat 'n Jood was en boonop nog 'n Rabbi was, was dit met ander woorde heeltemal onvanpas volgens die standaarde van sy tyd om met 'n vrou te praat, wat nog 'n Samaritaanse vrou. Maar Hy ontmoet haar daar by die put waar sy as 'n uitgeworpene van die samelewing in die middel van die dag kom water skep het. Sy kom nie in die oggend of in die aand wanneer die ander vrouens in die dorp kom water skep nie, want sy wil mense vermy. Die mense wat haar verwerp het.

Maar Jesus praat tog met haar. Die feit dat Hy al die grense oor steek en in liefde met haar praat verander haar lewe. Dit maak van haar 'n getuie, deur wie se getuienis ander mense tot geloof in Jesus as die Messias kom. So moet ons ook, sonder om mense op die baadjie te takseer en te veroordeel, vir mense van Jesus se liefde vertel!

Sy leer wat Hy bedoel as Hy sê dat Hy die Lewende Water is. As ons sy Liefde in ons harte beleef dan word ons nie meer dors nie. Ons dors nie meer na die dinge wat die wêreld wil hê ons moet dink belangrik is nie, maar beleef iets groter, iets wat meer beteken: God se liefde!

Net soos wat ons nie sonder water kan leef nie, soveel te meer kan ons nie sonder Jesus leef nie.